# RPO Markverslag

## Week 08 van 2026

Week geëindig op 20 Februarie 2026






**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 20 Feruarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R40.00 | -0.8% | 0.1% | 16.9% |
| A2 (R/kg) | R61.64 | -1.4% | -5.6% | 11.6% |
| B2 (R/kg) | R56.38 | 0.1% | -7.0% | 17.1% |
| C2 (R/kg) | R55.46 | -0.5% | -6.3% | 17.0% |

## Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 8 met 0.8% gedaal teenoor die vorige week en is tans 16.9% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan die aanbod van kalwers wat begin styg. Die verwagting is dat die prys moontlik 'n dalende tendens kan volhou vanaf Maart soos speentyd aanbreek. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Maart ongeveer R39/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R35/kg en nie hoër as R45/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 8 met 1.4% gedaal teenoor die vorige week en is tans 11.6% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue hoër aanbod van karkasse en `n swakker vraag gedurende Februarie. Die verwagting is dat die prys moontlik 'n stygende tendens kan ingaan vanaf Maart tot April. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Maart ongeveer 67/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R60/kg en nie hoër as R75/kg behoort te wees nie. Let op dat die prys wel baie laer is as die voorspelde prys en kan die prys meer na die onderste grens van die voorspelling toe neig.


*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

# RPO Markverslag


## Week 08 van 2026

Week geëindig op 20 Februarie 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 20 Feruarie 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R44.74 | -8.6% | -11.2% | 13.9% |
| A2 (R/kg) | R102.16 | 0.0% | -5.9% | 2.3% |
| B2 (R/kg) | R80.86 | 0.5% | -4.7% | 17.1% |
| C2 (R/kg) | R81.38 | 0.5% | -2.6% | 23.8% |





# Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 8 skerp met 8.6% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 13.9% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die skerp daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n hoër aanbod en laer vraag na lammers. Die verwagting is dat die prys gedurende Maart op die laer vlakke sal bly, voor dit in 'n stygende tendens ingaan vanaf April tot Junie soos die aanbod op stoorlammers verminder. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Maart ongeveer R51/kg te wees, terwyl dit nie laer as R46/kg en nie hoër as R58/kg behoort te wees nie. Let op dat die prys die afgelope paar weke wipplank ry wat veroorsaak dat die prys laer is as die voorspelde prys en meer neig na die onderste grens van die voorspelde prys.

# A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 8 onveranderd gebly teenoor die vorige week en is ongeveer 2.3% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die tendens in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue hoër aanbod en 'n laer vraag op lamkarkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys 'n dalende tendens kan volhou tot in April en moontlik in Mei kan begin styg. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Maart ongeveer R110/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R99/kg en nie hoër as R122/kg behoort te wees nie. Let op dat die prys heelwat laer is as die voorspelde prys en dat die prys meer neig na die onderste grens van die voorspelde prys.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO